Bib 81/89

Saak no. 269/88

E du P

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

WENDELL FLANAGAN ............................ Appellant

en

DIE STAAT ................................... Respondent

*Coram:* BOTHA, EKSTEEN *et* F H GROSSKOPF ARR

Verhoor: 23 Mei 1988

Gelewer: 1 Junie 1989

---

**U I T S P R A A K**

**F H GROSSKOPF AR:**

Die appellant is in 'n streekhof aan verkragting skuldig bevind en tot sewe jaar gevangenisstraf gevonnis waarvan twee jaar voorwaardelik opgeskort is. Die appellant se appèl teen sy skuldigbevinding en vonnis is deur die Oos-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof afgewys. Hy appelleer nou na hierdie hof met verlof van die hof a quo, maar slegs teen sy skuldigbevinding.

Die gebeure wat aanleiding gegee het tot die aanklag van verkragting het op Sondag 21 Julie 1985 in die kleurlingwoongebied te Shornville by King William's Town plaasgevind. Die appellant erken dat hy daardie Sondagaand by sy huis in Shornville geslagsgemeenskap met die klaagster gehad het, maar dit is sy verweer dat dit met die klaagster se toestemming plaasgevind het. Die appellant was destyds 28 jaar oud terwyl die klaagster 16 jaar oud was. Die

appellant was getroud maar sy vrou was ten tye van die voorval in Upington gewees. Die klaagster en die appellant het mekaar geken en die klaagster het erken dat sy destyds geweet het dat die appellant ŉ getroude man was en dat sy vrou nie daardie Sondag by die huis was nie. Die klaagster ontken egter dat sy toegestem het tot geslagsgemeenskap en beweer dat die appellant haar inderdaad verkrag het.

Dit is gemene saak dat die klaagster vroeër daardie betrokke Sondagaand by ŉ siek vriendin, ene Thelma Russell, in Shornville gekuier het en dat die appellant ook daar was. Volgens die klaagster se getuienis is die Russells se huis net een huis van haar ouerhuis af geleë en is die appellant se huis net onderkant haar ouerhuis. Die appellant beaam dat sy huis naby die Russells se huis geleë is en dat mens by die klaagster se ouerhuis verby moet gaan om by sy huis te kom.

Dit is die klaagster se getuienis dat die appellant haar gevolg het toe sy die Sondagaand van die Russells af huis toe wou gaan. Dit is gemene saak dat ŉ sekere Kenneth

Kleinbooi op daardie stadium buite in die straat by 'n lamppaal gestaan het en dat hy en die klaagster mekaar goed geken het. Die klaagster sê sy het Kleinbooi daar sien staan en sy het toe na hom gegaan en 'n sigaret by hom gevra. Die klaagster beweer dat sy bang was vir die appellant en dat sy Kenneth Kleinbooi om die lyf gegryp en vasgehou het. Die klaagster gee toe dat Kleinbooi haar enigste hoop in die omstandighede was, maar tog het sy hom nie gevra om haar te help of te beskerm nie. Die klaagster kon na my mening geen bevredigende rede verstrek waarom sy op haar weergawe nie vir Kleinbooi om hulp en beskerming gevra het nie.

Volgens die klaagster se getuienis het die appellant haar gegryp en van Kleinbooi af weggetrek. Die appellant het haar aan die arms vasgehou en na sy huis toe getrek. Die klaagster sê sy het geskreeu. Op haar weergawe moes hierdie gebeure naby haar ouerhuis plaasgevind het, maar daar is geen getuienis dat sy om hulp geroep het toe sy by haar ouerhuis verbygetrek is nie.

Daar sal later verwys word na die getuienis van Kenneth Kleinbooi met betrekking tot hierdie ontmoeting in die straat en die wyse waarop die klaagster en die appellant daar opgetree het. Ek kan egter nou reeds meld dat die weergawe van Kleinbooi in hooftrekke ooreenstem met die appellant se weergawe, maar dat dit in alle wesenlike opsigte van die klaagster se weergawe van die gebeure verskil en dat dit trouens glad nie strook met die beweerde voorspel tot 'n verkragting nie.

Dit is die klaagster se getuienis dat toe hulle by die appellant se huis aangekom het, die appellant haar by die deur ingestoot het en die deur van binne gesluit het. Terwyl die appellant besig was om hom te ontklee, het die klaagster volgens haar getuienis by die venster probeer uitspring. Sy sê dat die appellant haar teruggetrek het en een maal met die plat hand vol in die gesig geklap het. Daarna het hy haar broekie afgetrek en vaseline aan haar gesmeer. Mens kan terloops vra waarom die beweerde verkragter nou

skielik so konsidererend teenoor sy slagoffer sou optree. Volgens die klaagster se getuienis het die appellant toe voortgegaan en haar verkrag. Sy sê dat sy probeer loskom het, maar dat sy nie daarin geslaag het nie.

Die klaagster getuig dat dit die eerste keer was wat sy gemeenskap met 'n man gehad het en dat dit pynlik was. Sy sê sy het inwendig seergekry en gebloei en daar was ook bloed aan haar klere. Die klaagster beweer verder dat daar 'n bloedkol onder haar oog of oë was as gevolg van die klap wat die appellant haar gegee het en dat haar oë rooi was.

Dit blyk dat die klaagster bang was vir die appellant se honde en dat sy die appellant gevra het om saam met haar te loop toe sy na die gebeure huis toe gegaan het. Die klaagster sê dat sy ongeveer 19h30 by die huis gekom het en dat sy vir haar moeder vertel het. Op 'n vraag van die aanklaer wat sy vir haar ma gesê het, antwoord die klaagster: "Hoe hy my getrek het na sy huis toe." Sy het verder vir haar moeder vertel dat die appellant haar in sy huis verkrag

het. Die klaagster sê sy het gehuil toe sy dit vir haar moeder vertel het. Die klaagster beweer egter nie dat sy ook vir haar moeder vertel het dat die appellant haar geklap het nie. Wat egter van groter belang is, is dat die klaagster se moeder geen melding in haar getuienis maak van enige beserings wat sy aan die klaagster se gesig waargeneem het nie. Te oordeel na al die getuienis moes die beserings aan die klaagster se gesig taamlik opvallend gewees het. Die getuienis met betrekking tot die beserings aan die klaagster se gesig, en die vraag of dit stawing vir die klaagster se weergawe bied, sal later behandel word.

In die loop van kruisondervraging is dit aan die klaagster gestel dat sy en die appellant vir 'n tydperk van ongeveer vier maande voor hierdie voorval 'n verhouding gehad het. Sy het dit ontken. Direk daarna het die klaagster op vrae van die appellant se prokureur toegegee dat sy destyds geweet het dat die appellant 'n getroude man was en dat sy ook geweet het dat die appellant se vrou nie op daardie tydstip

by die huis was nie. Daarop volg die volgende vraag en betekenisvolle antwoord van die klaagster -

> "Is dit waarom jy bang is om te erken dat julle 'n verhouding gehad het omdat hy 'n getroude man was? -- Ja."

Onder kruisverhoor het die klaagster beweer dat sy tydens die verkragting gehuil het en dat sy histeries was. Die klaagster het verder geantwoord dat sy na die verkragting nog pyn gevoel het en dat sy nog steeds histeries was. Die klaagster beweer dat sy desnieteenstaande aan die kwaai honde buite gedink het en dat sy die appellant gevra het om haar uit te neem, wat hy toe gedoen het. Daarna volg die volgende vrae en insiggewende antwoorde van die klaagster -

> "Dit blyk vir my dat julle nogal mooi uitmekaar is nadat die ding gebeur het? -- Ja.
> Is julle mooi uitmekaar? -- Ja."

Hierdie antwoorde van die klaagster rym myns insiens hoegenaamd nie met haar weergawe dat sy onmiddellik voor dit nog histeries was en dat sy net daarna gehuil het

toe sy by haar huis gekom het nie. Die klaagster se antwoorde pas myns insiens nog minder in by haar moeder se getuienis wat ŉ prentjie skilder van ŉ verskrikte en skreeuende dogter wat in ŉ histeriese toestand by die huis aangekom het.

Die appellant bevestig dat hy en die klaagster vroeër daardie aand by die Russells was. Dit is die appellant se getuienis dat hulle later besluit het om te loop en dat hulle toe vir Kenneth Kleinbooi buite in die straat raakgeloop het. Die appellant ontken egter dat die klaagster aan Kleinbooi vasgehou het, dat hy die klaagster van Kleinbooi af weggetrek het of dat hy haar forseer het om saam met hom na sy woning te gaan. Volgens die appellant se weergawe het hy vir die klaagster gesê waarom hulle na sy huis toe gaan en het sy gewilliglik saam met hom soontoe geloop. Die appellant sê ook dat die klaagster geweet het dat sy vrou nie tuis was nie. Volgens die appellant se getuienis het hy en die klaagster al vir ŉ paar maande ŉ verhouding gehad.

Die appellant ontken dat hy die klaagster geklap het, soos deur haar beweer word. Aanvanklik in sy hoofgetuienis het die appellant getuig dat hy nie kan onthou dat hy die klaagster aangerand het nie. Met hierdie antwoord het die appellant moontlik probeer voorgee dat hy as gevolg van sy beweerde oormatige inname van alkohol nie meer goed kan onthou wat daardie aand gebeur het nie. Hy sê trouens later in sy getuienis dat die rede waarom hy sekere aspekte nie kan onthou nie seker daaraan toe te skryf is dat hy sterk onder die invloed van drank was. In die lig van die getuienis van die appellant se eie getuies aangaande sy toestand daardie aand is die appellant se getuienis aangaande die graad van sy beskonkenheid klaarblyklik 'n growwe oordrywing. Hoe dit ook al sy, later in sy getuienis ontken die appellant uitdruklik dat hy die klaagster aangerand het en ontken hy ook dat die drank hom tot so 'n mate beïnvloed het dat hy die aanranding moontlik nie kon onthou nie.

Die appellant gee toe dat die klaagster nie

uitdruklik haar toestemming tot gemeenskap gegee het nie. Hy sê sy het stilgebly "en sy het my net gehouvas en so aan". Die klaagster het haarself op sy voorstel ontklee en hulle het toe gemeenskap op die mat gehou. Daarna het die appellant die klaagster huis toe vergesel. Toe hulle reeds naby die klaagster se ouerhuis was, het die klaagster met 'n glimlag vir die appellant gesê dat sy hom van verkragting gaan aankla. Die appellant se enigste verduideliking was dat hy gedink het sy maak net 'n grap. Die appellant kon geen aanvaarbare rede verstrek waarom die klaagster daarna inderdaad 'n aanklag van verkragting teen hom gelê het nie. Indien dit egter aanvaar sou word dat sy weergawe korrek is en dat hy haar nie verkrag het nie, sou hy moes spekuleer oor haar moontlike motiewe.

Hoewel die appellant se getuienis in verskeie opsigte onbevredigend en selfs ongeloofwaardig is, word hy tog in een belangrike opsig deur sy getuie, Kenneth Kleinbooi, gestaaf, naamlik oor die wyse waarop die appellant

teenoor die klaagster opgetree het voordat hulle na die appellant se huis gegaan het.

Die getuienis van Kenneth Kleinbooi is na my mening egter van veel groter belang omdat dit verder onteenseglik aantoon dat die klaagster op hierdie wesenlike aspek van die saak 'n ongeloofwaardige getuie was. Ek het reeds gewys op die inherente onwaarskynlikheid in die klaagster se weergawe in hierdie verband, naamlik dat as sy werklik bang was vir die appellant sy vir Kleinbooi sou gevra het om haar te help, al was dit dan net om haar ouers te gaan roep. Dit blyk duidelik uit Kleinbooi se getuienis waarom die klaagster hom nie om hulp gevra het nie. Daar was naamlik geen rede vir haar om dit te doen nie omdat sy nie in enige gevaar verkeer het nie.

Dit is die getuienis van Kenneth Kleinbooi dat hy die appellant net van sien geken het en dat hy nog nie voorheen met die appellant gepraat het nie. Die klaagster daarenteen het hy goed geken. Hulle het al dikwels met

mekaar gepraat en hy het ook dikwels by hulle aan huis gekom. Anders as die klaagster en die appellant getuig Kleinbooi dat die klaagster aanvanklik alleen uit Thelma-hulle se huis gekom het en dat die appellant haar eers ñ tyd later gevolg het. Die klaagster het ñ sigaret by hom kom vra. Toe die appellant by hulle aansluit, het hy vir Kleinbooi gevra of Kleinbooi sal omgee as hy die klaagster daar wegvat. Kleinbooi het geen beswaar gehad nie. Volgens Kleinbooi se getuienis het die appellant die klaagster toe ordentlik gevat en hand om die nek met haar daar weggeloop in die rigting van die appellant se huis. Kleinbooi ontken dat die klaagster hom om die lyf vasgehou het of dat die appellant haar van hom af weggeruk het. Kleinbooi se getuienis is dat die klaagster glad nie bang gelyk het nie. Sy het ook nie geweier om saam met die appellant te gaan nie. Dit het vir hom gelyk asof sy gewillig was om met die appellant daar weg te loop.

Die landdros het Kleinbooi se getuienis verwerp. Na my oordeel was daar egter geen rede waarom die getuienis

van Kleinbooi verwerp moes word nie. Die landdros wys enersyds daarop dat Kleinbooi die appellant weerspreek oor sy beweerde dronkenskap, maar vind dan andersyds dat " dit wou voorkom asof Kleinbooi die appellant baie goedgesind was". Die landdros noem geen ander rede as hierdie vermeende goedgesindheid waarom hy die getuienis van Kleinbooi verwerp het nie. Die landdros meld ook nie hoe hierdie beweerde goedgesindheid van Kleinbooi jeens die appellant in die loop van die getuienis tot uiting gekom het nie. Dit blyk uit die getuienis dat Kleinbooi die appellant skaars geken het terwyl hy aan die ander kant goed bevriend was met die klaagster en haar familie. Mens sou dus verwag dat Kleinbooi eerder die klaagster goedgesind sou gewees het.

Die landdros het reeds vroeër in sy uitspraak gemeld dat die klaagster ŉ baie goeie indruk op hom gemaak het. Hy het verder bevind dat daar "geen rede hoegenaamd" bestaan om die geloofwaardigheid van die klaagster in twyfel te trek nie. Dit wil dus voorkom asof Kleinbooi se

"goedgesindheid" teenoor die appellant volgens die landdros se oordeel daarin geleë was dat hy die appellant se weergawe van die ontmoeting in die straat gestaaf het, en nie die klaagster se weergawe wat die landdros aanvaar het nie.

Die landdros se hele benadering tot die klaagster se getuienis toon na my mening dat hy nie die vereiste versigtigheidsreël wat in gevalle van seksuele misdrywe soos verkragting geld, behoorlik voor oë gehou en toegepas het nie. Wat die toepassing van hierdie versigtigheidsreël betref, kan daar in die algemeen verwys word na **R v Rautenbach** 1949(1) SA 135(A), op 143; **R v W** 1949(3) SA 772(A), op 780-1; **R v D and Others** 1951(4) SA 450 (A), op 456-7; **R v J** 1966(1) SA 88 (SR, AD), op 92 A-D; **S v Snyman** 1968(2) SA 582 (A), op 585 C-G.

Die landdros meld wel in die slotparagraaf van sy uitspraak dat hy in gedagte gehou het dat die aanklag teen die appellant van 'n seksuele aard was en dat hy daarom versigtig moes wees in die aanvaarding van die klaagster

se getuienis. Indien mens egter na die landdros se evaluasie van die klaagster se getuienis kyk, kom mens ongelukkig tot die slotsom dat hy bloot lippediens aan hierdie versigtigheidsreël betuig het en dat hy nooit die klaagster se getuienis aan die vereiste kritiese ontleding onderwerp het nie. Wat die landdros inderdaad gedoen het, was om die saak soos enige ander strafsaak te benader . Hy het bloot die klaagster en die ander staatsgetuies se getuienis aanvaar, die appellant en sy getuies se getuienis verwerp en op grond van daardie bevinding die appellant aan verkragting skuldig bevind.

Dit is voorheen al beslis dat dit nie voldoende is as die beoordelaar van feite homself net waarsku om die betrokke getuienis versigtig te benader nie; dit moet uit die behandeling van die getuienis self blyk dat die hof inderdaad die getuienis versigtig benader het. (Kyk **S v Avon Bottle Store (Pty) Ltd and Others** 1963(2) SA 389 (A), op 393H-394A, 'n saak wat gehandel het met die toepassing van die

versigtigheidsreël by die getuienis van ʼn medepligtige).

In die saak van **S v Balhuber** 1987(1) PH H22 (A) het hierdie hof te doen kry met dieselfde soort probleem as wat in die onderhawige saak gegeld het. Aangesien slegs enkele aspekte van die uitspraak in die Prentice Hall verslag weergegee word, is ek van voorneme om na die oorspronklike uitspraak van **Botha AR** in **Balhuber v The State** (saak nr. 30/1985, gelewer op 25.9.86) te verwys en sekere passasies uit daardie uitspraak hier aan te haal. **Balhuber** se saak het weereens getoon hoe maklik ʼn verhoorhof tot ʼn verkeerde beslissing kan kom indien die versigtigheidsreël in hierdie soort sake nie behoorlik toegepas word nie. In **Balhuber** se saak het die appellant, wat aan verkragting skuldig bevind is, ook aangevoer, nes die appellant in die onderhawige saak, dat gemeenskap met toestemming van die klaagster plaasgevind het. Die landdros in daardie saak het bevind dat die klaagster se weergawe met die waarskynlikhede gestrook het terwyl die appellant se weergawe so inherent onwaarskynlik

was dat dit verwerp moes word. Die landdros in **Balhuber** se saak het verder bevind dat daar stawing vir die klaagster se weergawe was in die feit dat sy in 'n geskokte emosionele toestand vroeg die oggend by die polisiestasie opgedaag het om 'n klagte van verkragting in te dien. Op appèl na hierdie hof is dit egter bevind dat die landdros, ondanks verskeie verwysings deur hom na die versigtigheidsreël, versuim het om die getuienis van die klaagster behoorlik kritie s te ontleed. Toe so 'n ontleding van haar getuienis wel gemaak is, het verskeie onbevredigende aspekte en inherente onwaarskynlikhede aan die lig gekom wat nooit deur die landdros oorweeg is nie.

In die **Balhuber**-saak het die hof ook ingegaan op moontlike motiewe wat 'n klaagster mag beweeg om 'n valse aanklag van verkragting teen 'n man in te dien. In hierdie verband het **Botha AR** soos volg opgemerk op p. 40 e.v. van die getikte uitspraak:

> "Reference was made earlier to decisions in this Court from which it appears that the cautionary rule is based on the risk of false charges being

laid in cases of this nature, and in which examples were given of possible motives for invention on the part of a complainant. The factual situations dealt with in those cases are not really on a par with the facts in this case, nor are the examples given there apposite in the present case. In my view there can be no doubt, however, that the risk of a false accusation is present in the circumstances of this case, even though the motive for it may not be readily apparent. There is a wide variety of possible motives for invention and the laying of false charges in cases of sexual assault. The complexity of such motives and the difficulty of perceiving them lie at the very foundation of the cautionary rule. This is well illustrated by Glanville Williams in his lucid treatment of this topic, which is to be found in The Proof of Guilt (3rd ed) at 158-178."

..................................................

"The learned author says the following at 158-9:

> 'On a charge of rape and similar offences it is the practice to instruct the jury that it is unsafe to convict on the uncorroborated evidence of the alleged victim. The rule applies to a charge of indecent assault, or any sexual offence, including an unnatural offence between males. There is a sound reason for it, because these cases are particularly subject to the danger of deliberately false charges, resulting from sexual neurosis, phantasy, jealousy, spite or simply a girl's refusal to admit that she

consented to an act of which she is now ashamed. Of these various possibilities, the most subtle are those connected with mental complexes. Wigmore, who recites a number of instances where women have brought false sexual charges against men, explains one of the motivations as follows:

> 'The unchaste (let us call it) mentality finds incidental but direct expression in the narration of imaginary sex-incidents of which the narrator is the heroine or the victim. On the surface the narration is straightforward and convincing. The real victim, however, too often in such cases is the innocent man; for the respect and sympathy naturally felt by any tribunal for a wronged female helps to give easy credit to such a plausible tale.'"

Die geleerde regter vervolg dan soos volg op p. 43 e.v. in die **Balhuber**-saak:

"In the present case, the Magistrate, as the trier of fact, should have warned himself of the inherent danger that the complainant, prompted by some

> hidden motive, might have preferred a false charge agains the appellant. He has not demonstrated in his judgment that he did so."
>
> ..................................................
>
> "The laying of a false charge, judged by objective standards, is an irrational act, but the intrinsic improbability of it is much attenuated in cases of sexual assault by the knowledge, gained from experience, that a variety of possible motives do induce complainants to act in that way."

In die lig van die wye reeks moontlike motiewe wat 'n vals aanklag van verkragting mag inspireer het **Botha AR** in die **Balhuber**-saak beslis dat die hof soms genoop word om te spekuleer, en het hy soos volg op p. 45 e.v. beslis:

> "In the present case, a number of possible motives for the complainant to have acted as the appellant alleged she did, suggest themselves. She may have been overcome by shame, disgust or remorse (perhaps even alcoholic remorse) at the fact that she had consented to intercourse with the appellant; she may have been sexually frustrated because of the appellant's drunken state (he may not have realised that they did not both enjoy the act); she may have been filled with revulsion at the unusual sexual acts to which the appellant had wanted her to submit, whether or not she was a willing party to such acts (as distinct from the act of intercourse); or she may simply have become

afraid, with the coming of the morning, that her male friend would arrive at the flat. It is true that these possibilities are speculative and that a court is not usually required to speculate on possibilities having no foundation in the evidence placed before it (c f S v Glegg 1973 (1) S A 34 (A) at 38 H), but if the appellant were telling the truth there was no way in which he could have offered any explanation in evidence for the complainant's conduct, and possibilities of the kind I have mentioned are inherently present in the circumstances of a case such as the present. It is precisely because of the difficulty of discerning hidden motives that cases of this nature require special treatment. To quote again from Glanville Williams (at 160):

> 'The distinctive reason for the warning in sexual cases is that experience shows that the complainant's evidence may be warped by psychological processes which are not evident to the eye of common sense. The danger of convicting on the evidence of an accomplice who is trying to minimise his own part in the affair is obvious even to an unintelligent person ..... In sexual cases, on the other hand, the danger is usually not obvious."

Indien die landdros in die onderhawige saak die versigtigheidsreël behoorlik toegepas het, sou hy die klaagster se getuienis van die staanspoor af krities benader

het, dit aan die hand van die waarskynlikhede getoets het en dit teen ander aanvaarbare getuienis soos dié van Kenneth Kleinbooi opgeweeg het. In daardie geval sou die landdros noodwendig tot die gevolgtrekking moes gekom het dat die klaagster glad nie so ŉ bevredigende getuie was nie en dat sy na alle waarskynlikheid vrywilliglik saam met die appellant na sy huis gegaan het terwyl sy geweet het dat sy vrou nie tuis was nie.

Daar is egter sekere aspekte van die getuienis wat op die oog af stawing bied vir die klaagster se weergawe dat sy deur die appellant verkrag is. In die eerste plek beaam die klaagster se moeder dat die klaagster skreeuend en huilend daardie Sondagaand by die huis aangekom het. Die moeder getuig ook dat die klaagster verskrik gelyk het en dat haar rok en onderklere vol bloed was. Tweedens beaam die moeder dat die klaagster by haar tuiskoms beweer het dat die appellant haar verkrag het. Dit het daartoe gelei dat die klaagster dieselfde aand ŉ klagte van verkragting by die

polisie ingedien het. In die derde plek blyk dit uit die getuienis van dr. Van der Pyl, wat die klaagster die volgende middag om 15h00 medies ondersoek het, dat die klaagster bloeding onder die oogbindvlies van beide haar oë gehad het, dat haar regterwang geswel en gekneus was en dat haar linkerwang ook ligte tekens van kneusing getoon het. Dr. Van de Pyl het verder getuig dat die beserings wat sy aan die klaagster se geslagsdele gevind het van so 'n aard was dat dit op die afwesigheid van toestemming gedui het.

Hierdie aspekte, wat ook in die hof a quo as stawing vir die klaagster se weergawe aanvaar is, moet egter gesien word in die lig van die sterk waarskynlikheid, en gevolglike bevinding, dat die klaagster vrywilliglik saam met die appellant na sy huis gegaan het. Die moontlikheid dat die klaagster daarna toegestem het tot gemeenskap blyk dan nie meer so vergesog te wees nie. Verder moet haar leuenagtige getuienis op die een wesenlike aspek van die saak, naamlik dat die appellant haar teen haar sin na sy huis

getrek het, noodwendig die betroubaarheid van haar verdere getuienis affekteer.

Die verskillende aspekte wat moontlik stawing vir die klaagster se weergawe kan bied, sal vervolgens behandel word.

Die klaagster het nog nie voorheen met ŉ man geslagsgemeenskap gehou nie en sy was voor die tyd ŉ maagd gewees. Dit kan in die lig van al die getuienis aanvaar word dat die gemeenskap vir haar fisies pynlik moes gewees het. Die klaagster het waarskynlik voor haar tuiskoms reeds agtergekom dat sy bloei uit haar geslagsdele en dat haar onderklere en rok bloedbevlek is. Dit kan aanvaar word dat sy bekommerd moes gewees het oor die bloeding. Die klaagster moes besef het dat sy een of ander verduideliking vir die bloeding en bloedbevlekte klere aan haar moeder sou moes gee. Een moontlike verduideliking wat sy aan haar moeder kon gee, was om te beweer dat die appellant haar verkrag het. Gesien in daardie lig is dit ook nie onmoontlik nie dat sy kort voor haar aankoms by die huis

vir die appellant sou gesê het dat sy hom vir verkragting gaan aankla, soos hy inderdaad getuig het.

Die moeder van die klaagster is ook nie van kritiek vry te spreek nie. Sy het direk na die klaagster getuig. Dit blyk uit ŉ opmerking van die landdros dat die klaagster se moeder die hele tyd in die hof gesit het terwyl die klaagster getuig het. Dit plaas reeds ŉ vraagteken agter die betroubaarheid van die moeder se getuienis.

Beide die moeder en die klaagster getuig dat die klaagster se eerste opmerking teenoor die moeder was dat die appellant haar na sy huis getrek het. Dit blyk uit die moeder se getuienis dat sy inderdaad vir die klaagster gevra het wat sy by die appellant gesoek het. Die moeder het ook vir die klaagster gevra of sy ŉ verhouding met die appellant het. Dit wil dus voorkom asof die moeder suspisieus was. Die klaagster se mededeling aan haar moeder dat die appellant haar na sy huis getrek het, was in ieder geval ŉ leuen, en die klaagster het dit geweet. Moontlik het die moeder dit

ook vermoed. Gesien teen hierdie agtergrond is dit nie onwaarskynlik nie dat daar 'n konfrontasie tussen moeder en kind was en dat die moeder die klaagster in die proses geklap het. Dit is selfs moontlik dat die vader, wat volgens die getuienis die aand tuis was, sy dogter kon geklap het. Dit sal verduidelik waarom die klaagster geen melding teenoor haar moeder gemaak het van die appellant se beweerde aanranding op haar nie, en waarom die moeder in haar getuienis geen melding daarvan gemaak het dat sy die beserings aan die klaagster se gesig waargeneem het nie.

Die moontlikheid dat die moeder of selfs die vader die klaagster geklap het, berus weliswaar op spekulasie. Die appellant het dit nie beweer nie en dit is ook nooit tydens kruisondervraging aan òf die klaagster òf die moeder gestel nie. Soos blyk uit die laaste passasie wat hierbo uit die Balhuber-saak aangehaal is, is die hof soms verplig om by die toepassing van die versigtigheidsreël in hierdie soort sake spelulatiewe moontlikhede in aanmerking te neem. Indien

dit nie die appellant was wat die klaagster geklap het nie, kon hy nie geweet het hoe die klaagster die beserings aan haar gesig opgedoen het nie. In die omstandighede kan hy ook nie verkwalik word omdat hy nie getuienis tot daardie effek gelewer het nie, of spekulatiewe vrae in daardie verband tydens kruisondervraging aan die klaagster en haar moeder gestel het nie. Die appellant het wel tydens kruisondervraging van die klaagster deur sy prokureur teenoor haar ontken dat hy haar geklap of aangerand het. Dit was ook sy getuienis gewees.

Daar is 'n verdere aspek in verband met die beserings aan die klaagster se gesig wat myns insiens nie bevredigend deur die klaagster en ander staatsgetuies opgeklaar is nie. Volgens die beskrywing van die geneesheer was beide wange van die klaagster beseer, maar was dit veral die regterwang wat die ergste beserings getoon het. Indien die appellant en klaagster normaalweg teenoor mekaar gestaan het en hy haar met sy regterhand geklap het, sou mens verwag het dat die klaagster se linkerwang die ergste beseer was.

Die klaagster se getuienis was verder dat die appellant haar slegs een maal geklap het. Dit lyk vir my egter onwaarskynlik dat een klap in die gesig albei die klaagster se oë, en albei haar wange tot so 'n mate kon beseer het. Hierdie aspek is tydens haar hoofgetuienis met dr. Van der Pyl behandel en haar antwoord skep by die eerste oogopslag die indruk dat sy bevestig het dat een klap in die gesig wel al hierdie beserings kon veroorsaak het. Haar antwoord skyn egter meer toegespits te wees op die vraag of 'n klap met 'n oop hand verenigbaar is met sulke ernstige beserings. Die vraag en antwoord word aangehaal soos dit in die oorkonde verskyn.

> "PROSECUTOR: Doctor, the complainant, she testified that she was slapt once in the face with an open hand and she indicated like this, could that be consistent with the injuries you found on her face? --- Oh yes. The bruising and swelling on the cheecks plus the haemorrhages inside the eye which is consistent with a direct blow."

Hoe dit ook al sy, die getuienis van dr. Van der Pyl regverdig in ieder geval nie die afleiding dat die beserings aan die klaagster se gesig toegedien is voordat die

geslagsgemeenskap plaasgevind het nie, of dat daardie beserings hoegenaamd deur die appellant toegedien is nie. Dit is net die klaagster se getuienis wat die appellant met daardie beserings verbind.

Dr. Van der Pyl het ook getuig dat die beserings aan die klaagster se geslagsdele eerder op verkragting as op vrywillige gemeenskap dui. Dit blyk egter uit die volgende antwoorde wat dr. Van der Pyl tydens hoofondervraging en op 'n vraag van die landdros gegee het dat die beserings aan die klaagster se gesig (en sy het klaarblyklik aanvaar dat dit deur die appellant veroorsaak was) 'n belangrike oorweging by haar was.

> "Are you talking about the degree of force used? --- Ja. Also the findings of the facial bruising and abrasion, sorry, not abrasion, bruising, with the sub(conjunctival) haemorrhages one does not usualy expect to find this in a situation where consent is given."

> "Now would you exlude the possibility of consent or not? --- On clinical examination purely of the (genitalia) one would not be able to be one

> hundred percent certain to exclude consent. I think it is, one has to base it on a general examination which includes the facial injuries."

Dr. Van der Pyl gee wel toe dat indien die klaagster ŉ maagd was mens ŉ geskeurde maagdevlies en teerheid van die geslagsdele sou verwag het, selfs waar geslagsgemeenskap met die klaagster se toestemming geskied het.

ŉ Verdere aspek wat as moontlike stawing vir die klaagster se weergawe van ŉ verkragting gesien kan word, is die moeder se getuienis dat die klaagster verskrik gelyk het en dat sy gehuil het toe sy die Sondagaand by die huis aangekom het. Indien dit inderdaad die moeder of vader was wat die klaagster geklap het, kan daar glad nie verder op die moeder se getuienis peil getrek word nie, en kan dit ook begryp word waarom die klaagster verskrik gelyk het en gehuil het. Maar selfs indien die moontlikheid dat die klaagster deur die moeder of vader geklap was buite rekening gelaat word, is die klaagster se gemelde gemoedstoestand na my

mening te versoen met die appellant se weergawe dat gemeenskap met haar toestemming plaasgevind het. Dit moet steeds in gedagte gehou word dat die klaagster nog ŉ jong meisie was wat so pas die eerste keer geslagsgemeenskap gehad het. Dit was vir haar fisies ŉ pynlike ondervinding. Daarbenewens het sy aan die bloei gegaan en moes dit haar ontstel het. Verder was daar die bloed aan haar klere wat sy op een of ander manier aan haar moeder moes verduidelik. Na my mening is dit heeltemal verstaanbaar indien sy onder daardie omstandighede verskrik was en gehuil het. As die beskuldiging dat die appellant haar verkrag het bowendien vals was, moes dit haar net verder ontstel het. Daar is immers getuienis dat die klaagster en die appellant op daardie stadium toe reeds vir ŉ paar maande lank ŉ verhouding gehad het. Ek het reeds verwys na die passasie in die klaagster se eie getuienis waar sy dit by implikasie toegegee het. Daar is ook die getuienis van Thelma Russell dat sy op ŉ Woensdagaand buite haar huis gesien het hoe die klaagster

en die appellant mekaar omhels. Die landdros het weliswaar Thelma Russell se getuienis verwerp. Sy was beslis nie 'n goeie getuie nie en sy en die appellant het mekaar ook op verskeie aspekte weerspreek. Indien dit egter een maal aanvaar word dat die klaagster die Sondagaand uit vrye wil saam met die appellant na sy huis gegaan het, is Thelma se getuienis omtrent die omhelsing opsigselfstaande glad nie so onwaarskynlik nie.

Mnr **Nel**, wat namens die Staat as respondent verskyn het, het met verwysing na die beslissing in **Snyman** se saak, **supra**, op 585 E, betoog dat die leuenagtige aard van die appellant se getuienis 'n faktor is wat die risiko van 'n verkeerde skuldigbevinding in sake soos hierdie verminder. Dit is ongetwyfeld korrek. Die appellant se getuienis kan in sekere opsigte met reg gekritiseer word. In ander opsigte het hy ooglopend 'n leuen vertel, byvoorbeeld in verband met sy beweerde drankinname daardie dag. Die appellant se eie getuies en die waarskynlikhede weerspreek hom vir sover dit

sy beweerde dronkenskap betref. Sy eie getuie, Thelma Russell, steun hom ook nie vir sover dit haar beweerde rol as boodskapper tussen die appellant en klaagster betref nie. Op ander meer wesenlike aspekte kan dit na my oordeel egter nie gesê word dat die appellant se weergawe nie redelik moontlik waar is nie, byvoorbeeld wat betref sy bewering dat hy en die klaagster ŉ verhouding gehad het. Die appellant se getuienis dat die klaagster die betrokke Sondagaand vrywilliglik saam met hom na sy woning gegaan het, moet trouens aanvaar word as die waarskynlik korrekte weergawe van die feite. Die appellant se getuienis dat die klaagster daarna toegestem het tot geslagsgemeenskap volg dan eintlik ook as ŉ redelike moontlikheid.

Die basiese probleem wat die respondent in hierdie saak het, is dat dit by ŉ behoorlike toepassing van die versigtigheidsreël blyk dat die klaagster klaarblyklik op sekere wesenlike aspekte valse getuienis afgelê het. Verder blyk dit dat die klaagster goed moontlik ŉ motief kon gehad

het waarom sy die appellant valslik van verkragting beskuldig het. As dit een maal aanvaar word, help dit nie vir die respondent om hom op die leuens van die appellant te beroep nie.

Na my oordeel moet die appèl slaag. Die appellant se skuldigbevinding en vonnis word gevolglik tersyde gestel.

-----------------------

**F H GROSSKOPF AR**

**BOTHA AR**

**EKSTEEN AR** Stem saam